

# Staan saam om virus hok te slaan

Virusinfestaties (primêr en sekondêr) is besig om tafelaanplantings in sekere gebiede te benadeel. Tesame met die invloed van die virus, het ontydige koue en droogtoestande 'n nadelige effek op die opbrengste wat verwag kan word.

Moerkwekers ondervind probleme om aan die standaard van die sertifiseringskema te voldoen en word sommige aanplantings op land afgradeer en selfs afgekeur weens 'n te hoë virusinhoud. Selfs al slaag die moeraanbiedings die landmonster laboratoriumtoetse, kom sommige nakontroletoeuitslae uit met hoë virusinhoud. Dit het ontevredeheid van kliënte (beide moerkwekers en tafelprodusente) tot gevolg.

Tafelprodusente is kwaad vir moerkwekers en moerhandelaars. Die moerkwekers glo nie die toetsuitslae nie en bevestigte die sisteem. Daar is 'n gebrom dat die moerkwekers nie tradisionele moerproduksiepraktyke streng genoeg navolg nie en dat hulle te gemaklik geword het.

'n Groot bekommernis is veral die toename in die voorkoms van rolbladvirus infestaties. Twee seisoene gelede was daar 'n algemene gevoel onder moerkwekers dat die roetineoetsing vir rolbladgestaak kan word omre-

Dr Pierre Nortjé,  
Aartappelsertifiseringsdiens



Tipiese simptome van infeksie by mosaiëkvirus. (Foto met vergunning van CIP, International Potato Centre, Peru).

de bykans geen rolblad voorgekom het nie. Die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) het egter besluit dat roetineoetsing moet voortgaan. Rolbladvirus infestatie word makliker op plante as PVY (mosaiëkvirus) waargeneem en het ook 'n groter nadelige effek op opbrengste as PVY. Tans neem Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) ook gereeld rolbladvirus simptome in moeraanplantings waar, meer as in die verlede.

PVY moet egter ook nie onderskat word nie. Die toename in die voorkoms van PVY is ook 'n bron van kommer en moerkwekers vind dit moeilik om aan skema-regulasies te voldoen.

Teselfdertyd ondervind tafelprodusente probleme met 'n hoë voorkoms van PVY wat uiteraard tot gevolg het dat dit te riskant is om moere terug te hou vir daaropvolgende tafelaanplantings.

Moerkwekers is ook ongelukkig met die relatief algemene tendens dat min of geen virus tydens landinspeksies waargeneem word of in die landmonsters opgespoor word, net om nakontroletoeuitslae te ontvang wat op hoë virusinhoud dui. Hulle vra met reg hoe kan hulle bepaal welke moere hulle vir eie aanplantings moet terughou om weer vir moerproduksie te registreer.

## MOONTLIKE OORSAKE van die virusprobleem

### Hoë virusdruk

Dit is so dat landswyd berigte ontvang word dat virusvektore, naamlik plantluise, in groot getalle voorkom. Dit uiteraard, beteken dat die verspreiding van virusse meer gereedlik kan plaasvind. Dit beteken ook dat alhoewel moere met 'n lae virusinhoud geplant word, in-seisoen besmetting ook meer gereedlik plaasvind.

Produsente moet deeglik kennis daarvan neem dat virusbesmetting ook in pakstore op spruite kan plaasvind mits vektore

Vervolg op bl 23

# Staan saam teen virusse

... vervolg

re aanwesig is. Die konstante hoë virusdruk word verder vererger deur die aaneenlopende verbouing van aartappels in sekere streke sonder 'n "aartappelvrye" periode van minstens twee maande per jaar.

Kwekers is soms van opinie dat hierdie praktyke in die verlede tog ook plaasgevind het sonder om probleme van sulke afmetings tot gevolg te hê. Dit moet egter genoem word dat die virusdruk in die verlede laer was as gevolg van minder aanplantings met geïnfecteerde moere uitgevoer is en dat virusvektore ook in laer getalle voorgekom het.

## Kommersiële aanplantings

Spuitprogramme op kommersiële aanplantings is nie soseer gemik op plantluisbeheer nie. Dit impliseer dat plantluis makliker op hierdie aanplantings kan oorleef en indien die plantluis met virus besmet is, word virusse gereedelik na gesonde plante oorgedra. Dit is reeds moeilik om virusoordraging deur vektore chemies te beheer aangesien PVY binne 30 sekondes oorgedra kan word. In die geval van rolbladvirus vind oordraging egter meer langsaam (meer as 15 minute) plaas.

By implikasie is die moontlikhede van in-seisoen besmetting op tafelaanplantings groter. Die jammerte is dat moerkwekers ook tafelaanplantings doen; soms met virus geïnfecteerde moere.

## Ongesertifiseerde moere

Dit is 'n feit dat binne die SA regstelsel daar geen verbod op die aanplant of verkoop van ongesertifiseerde moere is nie. Hierdie situasie skep juis 'n mark vir ongesertifiseerde moere. Dit is ook kommerwekkend dat daar soms met 'n besending gesertifiseerde moere ook ongesertifiseerde moere saamgestuur word. Bewerings word ook gemaak dat enkele moerkwekers die sisteem fruik en ongesertifiseerde materiaal as gesertifiseerd verhandel.

Dit is ook gebruik in SA dat tafelprodusente moere terughou vir eie aanplantdoeleindes. Hoewel dit aangeneem word dat die moere virusvry is, kan dit nie sondermeer aanvaar word nie. Die vraag wat tafelprodusente hulself moet afvra is, indien moerkwekers dan sukkel om onder die huidige toestande moere te sertifiseer met al die laboratoriumtoetse en inspeksies wat geslaag moet word, hoe kan 'n tafelaanplanting as bron vir moere dien?

Tafelprodusente maak hulle ook skuldig om wanneer moere skaars is, dan sommer "moere" by ander tafelprodusente te koop. Hierdie praktyk dra grootliks by tot die toename in die virusdruk wat in die streke ondervind word.

## Spuitprogramme

Bewerings word gemaak dat sekere middels nie meer effektief vir die beheer van plantluis is nie en dat daar al weerstand teen hierdie middels

opgebou is. Sommige aalwurmmiddels, soos temik (aldikarb), wat ook vir 'n periode plantluisbeheer word nie meer so algemeen in aartappels gebruik nie.

Ons is ook bekommerd dat toedieningsmetodes van chemiese middels nie altyd doeltreffend geskied nie. Sommige kwekers doen chemiese luisbeheer deur middel van spilpunte en die aanbevole spuitpakkette is moontlik nie so doeltreffend nie. Dit word ook beweer dat die verdunningseffek met toediening deur spilpunte, ook tot weerstandopbouing kan lei.

## Opslagplante

Opslagplante op oorlêlande en op lande waar ander gewasse na aartappels gevestig word, is moontlik een van die

grootste bronne van infeksie. Opslagplante kan dus onteenseglik beskou word as een van die belangrike oorsake van die opbou en instandhouding van virusbronne regdeur die land.

## MOONTLIKE OPLOSSINGS EN OPTREDES

Belanghebbendes het reeds by verskeie geleenthede die situasie in oënskou geneem en moontlike oplossings en optrede oorweeg. OSRA het ook tydens sy onlangse vergadering in November die saak bespreek en geëis dat drastiese stappe in werking gestel word om die probleem die hoof te bied.

Die geluk van om 'n virussepidemie te hanteer

Vervolg op bl 24

## Staan saam teen virusse

... vervolg

in teenstelling met ander grondgedraagde siektes, soos bakteriese verwelk, is dat met streng dissipline en opoffering die probleem gewoonlik binne twee tot drie jaar opgelos kan word.

Die huidige stelsel van landinspeksies, landmonstertoetsing en nakontrolertoetsing is vir die Suid-Afrikaanse situasie pasgemaak. Indien ons byvoorbeeld na die Hollandse sisteem van laboratoriumtoetse sou oorskakel, kan dit beteken dat enkele weke langer gewag sal word vir laboratoriumuitslae. In Holland word die apikale ogie van moere (stoormonster) uitgesny en in saadlaaie geplant en die blare wat ontwikkel, word vir die teenwoordigheid van virusse getoets. So 'n vertraging in toetsing sou moontlik tot gevolg kan hê dat die huidige voorsiening van moere deur 'n spesifieke gebied aan 'n tradisionele area, wesentlik beïnvloed sou kon word. Dit kan dus 'n verskuiwing in die voorsienings-/verskaffingspatroon van moere tot gevolg hê. Dit is dus belangrik dat ons poog om die huidige sisteem vir eers te laat werk.

Ons moet eerstens vir

mekaar sê dat:

- streng selfdissipline en gepaste stappe in die moerbedryf noodsaaklik is;
- kwekers bereid sal moet wees om op te offer en uitsluitlik moere te produseer en tradisionele moerproduksiepraktyke streng te beoefen; en
- tafelprodusente sal moet besef dat hulle tafelprodusente is en nie moerkwekers ook kan wees nie.

Die virusprobleem is vierledig van aard en kan die doelstellings ter oplossing as volg opgesom word:

- Die virusdruk in die moerproduksiegebiede en tafelareas moet verlaag word.
- Die vektorrisiko moet effektief bestuur word.
- Die toetsprosedure moet nie 'n risiko vir die opsporing van virusse inhou nie.
- ASD sal strenger kontrole in die toepassing van die skema tussen monsterneming en sertifisering moet instel.

OSRA het dan ook die volgende besluite geneem:

- 'n Dringende ondersoek moet gedoen word na die moontlike proklamasie van geïdentifi-



Simptome van rolbladvirus (PLRV) (Foto met vergunning van die *Guide to Potato Production in South Africa*, Dr JG Niedewieser.)

seerde moerproduksiegebiede. Proklamasies behoort wetlik afgekondig te word.

- Die herinstelling van verpligte doodspuitdats in moerproduksiegebiede.
- Dringend ondersoek gedoen word na die protokol van beide die skema en laboratoriumdienste.

Dringende maatreëls wat onmiddellik van toepassing sal wees sluit in:

- Waar opslag op eenhede of op aangrensende aanplantings voor-

kom, sal moere afkomstig van die eenheid slegs op grond van 'n 400-knol stoormonster gesertifiseer word.

- Waar hergroei en plantluse op 'n eenheid waargeneem word, sal moere afkomstig van die eenheid slegs op grond van 'n 400-knol stoormonster gesertifiseer word.
- Dieselfde maatreël geld indien meer as 1,0% gesamentlike virus tydens tweede landinspeksie waargeneem word.
- Enige kommersiële aanplanting deur moerprodusente mag slegs



Ligte simptome van mosaiëkvirus. (Foto met vergunning van CIP, International Potato Centre, Peru).

met gesertifiseerde moere gedoen word. Vanaf 1 Januarie 2004 sal alle sodanige aanplantings deur ASD gelys en gemonitor word.

Verskeie ander ingrypende maatreëls is ingestel. Die Raad het ook ver-

soek dat die moerbedryf hom moet beywer dat alle aanplantings op moerplase in die toekoms vir moerproduksie geregi-streer sal moet word.

Dit is duidelik dat die moerbedryf poog om sy huis in orde te kry. Die

OSRA het ook die Departement van Landbou versoek om die skemaregulasies sodanig te wysig dat die OSRA groter magte bekom ten einde ongerymdhede in die moerbedryf swaar te straf. Die OSRA het besluit om

ASA te versoek om te oorweeg om 'n praktiese viroloog met ervaring in die buiteland te nooi om die totale SA situasie te ondersoek ten einde groter duidelikheid te verkry en praktiese aanbevelings te maak.

Die aartappelbedryf moet egter besef dat al stel die moerbedryf alle moontlike planne in werking om die situasie weer reg te stel, sal dit van min waarde wees indien tafelprodusente nie ook streng selfdissipline handhaaf nie. In terme van virusinfestasië wat nie altyd tot simptoomekspressie aanleiding gee nie, bly dit 'n wesentlike en groterwordende risiko om ongesertifiseerde materiaal te plant.

Hoewel daar wel probleme bestaan wat virusse aanbetref, is dit nie die geval dat alle areas en alle moere met virus geïnfecteer is nie. 'n Onlangse opname van die periode Januarie tot September 2003 het getoon dat slegs 5.18% van die totale aantal nakontroler monsters (1216) meer as 15% virus bevat het. Dit is egter belangrik dat pro-aktief planne in werking gestel word om die toenemende virusdruk betyds hok te slaan.

Dit is hoog tyd dat aartappelprodusente handvat om vir almal in die bedryf 'n voordeel te bewerkstellig. Beide moerkwekers en tafelprodusente het 'n belangrike rol om te speel. Die bal is in die hande van Aartappels Suid-Afrika, ASD, Laboratoriumdienste, werkgroepe en die moerhandelaars saam met produsente om hierdie probleem te hanteer en met praktiese oplossings vorendag te kom.